DRAKENSBERGER
DIE WINSBEES • THE PROFIT BREED

# BEES-BULLETIN

DIT GAAN OOR MEER AS NET KOEITJIES EN KALFIES

Junie 2026

Uiteindelik weer ras aktiwiteit en samesyn, met bietjie wyn, sonder 'n harlekyn !

Drakensbergerbeeste, met en sonder foute, alleen of in groepe, van voor, agter en van die kant af bekyk, elkeen besef hopelik sy eie vlak van kundigheid. Gee sommer punte ook, te min, te veel, te bang om te gesels daaroor? Die ideale geleentheid om die vrees om jou eie stem in die teenwoordigheid van ander keurders te hoor, finaal 'n diskwalifikasie te maak.

Die praktiese evaluasiedag, wat op Newlands gehou word op die 6de Junie, een dag na die jaarvergadering en die dinee wat gehou word in Vrede Hotel, het ten doel om vrede oor jou te bring oor jou beoordelingsvermoë van enige bees. Soveel so dat die besprekings vir die praktiese evaluasiekursus van vleisbeeste, aangebied deur DBTG keurders, in 2027 oorstroom gaan word deur entoesiastiese potensiële keurders!

Stelselmatig kom en gaan BKS in vlae deur al die provinsies, soos 'n Bolandse reënbui, met 'n stotterende 'uitrol' (*we're rolling out* – die meeste van hulle rol omtrent self!) van die nuutste 4 miljoen en meer doserings BKS-entstof wat deur die burokratiese rondslomp hopelik die koue ketting kon handhaaf. Dolvet is tans aan die 'uitrol', het glo 'n 6 maande termyn alvorens die opvolg dosering gegee moet word.

Die inheemse rasse, spesifiek die Drakensberger, blyk by verre minder erg geaffekteer te wees deur die virus tans in omloop. Selfs by monde van nie-Drakensberger telers. (Dit wil gedoen wees!)

Die ander beesrasse loop hulle eie paadjie – ons paadjie is gladder. Sommige rasse vanaf 'n koue wêreld (lank, lank gelede), soos Brolloks en Bittergal, dra lankstaande nagevolge van stukkende kloue, verswakte kondisie en vrees vir droë gras vreet, soos 'n moedswillige kind wat net ham en kaas broodjies wil eet.

Sommige sal die nagevolge nie afskud nie. Wat dan? Dan loop hulle maar so.


Beste wense en mooi loop.
J F

PS Wie het al gedink aan 'n 'catchy' slagspreuk vir die Drakensberger? Wat aandag trek en in jou brein indring en oor en oor herhaal, soos drie pikkewyne.

Kom ons begin met *Beauty and the Beast*, *The Queen of Cows*, *The Bright Black Best Beast*, *The Sole South African Solar Breed*, *The Breed with Attitude, that also thrives at altitude.*

Help dink, 'n bottel Spier kelders wyn vir elke sinvolle voorstel is op die spel! Die proses van dink veroorsaak geen pyn nie. 'n Oos Tibetaanse spreukwoord, nogal.

# Met dank aan OTDK, ons Junie-borg




## Inhoudsopgawe


| | |
|---|---|
| Brief van die President | 1 |
| Borg: OTDK | 2 |
| Nuusbrokkies | 3 - 4 |
| NAMPO | 5 |
| Raadsvergadering & AJV | 6 |
| Kuddedink | 7 |
| Trots in hul truie! | 8 |
| Advertensies in dagboek | 9 |
| Voerkraalnommers | 10 |
| Borge | 12 |
| Stoettelers | 13 |




# Nuusbrokkies

## Verjaarsdae

Baie geluk aan almal wat in Junie verjaar:

- 12 Junie – JP Theunissen
- 16 Junie – Frank Poulter
- 18 Junie – Petri Bezuidenhout
- 19 Junie – Rodney Neuman

**Deel asseblief jou nuus met ons!**
Stuur 'n e-pos na die kantoor:
drakensberger@studbook.co.za of
WhatsApp +27 71 283 9943

## Kontak ons

(+27) 51 410 0974 071 283 9943
drakensberger@studbook.co.za
https://drakensbergers.co.za/

*Advertensies of menings uitgespreek in die nuusbrief is dié van die skrywers, en nie noodwendig die van die Drakensberger Genootskap nie.*

## Baie geluk

Baie geluk aan **Frik** en **Gawie Roux** wat onlangs die volgende toekennings ontvang het. Julle hou die Drakensberger-naam hoog!

- SA Stamboek Nasionale Elite 2026 Platinum Vleisbeeskoei (Wenner)
- SA Stamboek Nasionale Elite 2026 Stoetkudde van die jaar: Vleisbeeste (Tweede plek)

Baie geluk aan **Petrus Taljaard** wat tydens Nampo se Boereplanne-kompetisie 'n prys gewen het:
Hy was die wenner in die afdeling vir bestaande toestelle wat gemodifiseer is. Hy het 'n kanteltafel vir kalwers gemaak waarmee jong diere makliker gehanteer kan word wanneer hulle met vriesbrand gemerk moet word. Die kanteltafel is ergonomies om die kalf gemaklik, veilig en met minder stres vas te druk om die merkwerk te doen.

## BELANGRIK:

WhatsApp het ons DRB SA broadcast nuusgroep verander na 'n betaalde diens en dus verander ons na 'n gewone WhatsApp-groep.
Indien jy graag ons amptelike nuus wil ontvang soos voorheen, sluit asb aan met die skakel: https://chat.whatsapp.com/LZrhtyvd-jr42I0ATZ1tRCr

Vleisbees BLUP & LOGIX Kursus
16-17 Julie 2026
Paarl, Wes-Kaap
Vir meer inligting & besprekings besoek:
R2 875 / persoon
www.logixshop.co.za

STAMBOEK nooi jou UIT NA



# Nuusbrokkies

## Kom leen jou ORE uit!



Ons het twee artikels laat opneem, en dit kan op Spotify of YouTube geluister word. Dis lekker om na te luister as jy op pad is, êrens moet wag, of dalk selfs om jou aan die slaap te sus!
Gee asseblief vir ons terugvoer hieroor. As dit gewild is, sal ons graag nog opnames in die toekoms wil deel.

Volg hierdie skakel na Spotify:
https://tinyurl.com/yc4uktph

Volg hierdie skakel na YouTube:
https://tinyurl.com/38cdhtus

https://www.facebook.com/DrakensbergerSA

https://www.instagram.com/drakensbergersa/

## VOLG ONS OP YOUTUBE

Op ons YouTube-kanaal sal jy 'n verskeidenheid videos kry met raad en interessante inligting.

Gaan maak 'n draai by https://www.youtube.com/@drakensbergers/videos

## *Unistel DNA-toetse*

Die Genootskap kon 'n spesiale afslag beding met Unistel vir DNA-toetse op profiele en vaderskappe. Die pryse is as volg:

| Unistel DNA toetse | Koste per dier vir profiel (BTW ingesl.) |
|---|---|
| Normale prys vir 2026 < 30 | R 282.56 |
| Meer as 30 (-5% afslag) | R 268.43 |
| Meer as 60 (-7.5% afslag) | R 261.36 |
| Meer as 120 (-10% afslag) | R 254.30 |

Kontak Unistel vir meer inligting, en onthou om die ras aan te dui vir die spesiale afslag om te geld.



## SA Stamboek Genomiese Diens vir Vleisbeeste

BGP2-fondse vir jaar 3 is goedgekeur en deur die befondser uitbetaal.
Vir die derde en laaste jaar van BGP2 sal die befondser genomiese toetse subsidieer met R420-00.
SA Stamboek sal 'n addisionele subsidie van R104-00 aan SA Stamboek-telers toeken.
Dus beloop die totale koste vir die teler R549-00, BTW uitgesluit.
Daar is geen afwykings van die oorspronklike BGP2-voorstel soos goedgekeur aan die begin van die 3-jaarprojek nie.
SA Stamboek is gereed en wag op monsters vir jaar 3 van BGP2.
Kontak ons kantoor vir meer inligting: drakensberger@studbook.co.za.



# NAMPO 2026

Nampo het 12 – 15 Mei plaasgevind, en was soos vorige jare weer ‘n besonderse geleentheid. As gevolg van bek- en klouseer kon ons ongelukkig nie hierdie jaar diere by ons stalletjie hê nie. Die beessaal was stil, nie net by ons stalletjie nie, en ons het definitief die diere gemis.

Ons stalletjie was egter steeds ‘n lekker bymekaarkomplek met ‘n verskeidenheid Drakensberger-items te koop. Ons het lekker gekuier met almal wat kom inloer het, en diegene wat selfs bietjie langer gebly het in ons kuierarea.

Ons het 'n kompetisie gehad waarby mense kon raai hoeveel 'n koei en 'n kalf albei weeg. Baie geluk aan Onkgopotse Modise, ons wenner.

Die koei het 552 kg geweeg, en die kalf 246 kg. Onkgopotse was net 4 kg uit op die koei, en 11 kg uit op die kalf se gewigte. Hy wen die lekker geskenkpak van twee rugbytruie, 'n belt buckle en 'n pet.

Baie dankie aan die bemarkingspan, maar spesifiek ook aan die volgende mense wat nie geskroom het om die ekstra myl te stap nie:

- Henk Delport
- Pieter Esterhuizen
- Petrus Taljaard
- Emmerencia Taljaard
- Melissa Blom
- Marko Grobler
- Jan-Louis Wessels
- Tharina Wessels


















# Raadsvergadering & AJV

Die Raadsvergadering, Algemene Jaarvergadering (AJV) sal plaasvind op Vrydag, die 5e Junie 2026, by die Vrede Hotel in Vrede.
Na afloop van hierdie verrigtinge sal daar 'n funksie / dinee plaasvind.
Die RSVP-datum hiervoor is reeds verby, maar lees op die volgende bladsy meer oor die Kuddedink-byeenkoms.









## Boeredag by Neuman Broers saam met PJ Budler


Na laas jaar se leersame Kuddedink met PJ Budler, word daar hierdie jaar 'n opwindende Boeredag beplan by die Neuman Broers. En PJ Budler gaan weer daar wees!

Daar sal heelwat praktiese geleentheid wees, en ook nie net vir Drakensbergerboere nie. So nooi gerus jou vriende saam.

Vul hierdie vorm in om te bespreek (voor 2 Junie): https://form.jotform.com/261055830698565 of skakel vir Jodee Neuman by 072 211 8107.



# TROTS *in hul truie*






*← Burger Duvenage*
*↓ Telanie Strydom*

Sjoe, hoe lekker om foto's te ontvang van julle in jul Drakensberger-truie! Dit maak ons sommer trots.
Stuur gerus vir ons nog foto's van hoe mens jou hart op jou mou behoort te dra.
En as jy dan nou dalk een van die mense is wat nog nie een het nie, gaan maak 'n draai op die webblad om een te bestel:
https://drakensbergers.co.za/Afrikaans/winkel/






# Adverteer in ons dagboek

Elke jaar tydens die AJV en Dinee word die DRB-dagboek se advertensies opgeveil. Dit word per maand opgeveil.

Wat kry jy vir die advertensie?

- A5 volkleur advertensie in die dagboek (spesifieke maand)
- Dagboekadvertensie in die elektroniese nuusbrief (vir die spesifieke maand)
- Plasing van logo in dagbeplanner (vir die spesifieke maand)
- Dagboekadvertensieplasing op Facebook met 'n R500 "boost" (vir die spesifieke maand).
- Geleentheid vir twee ekstra plasings op sosiale media vir die spesifieke maand (inligting moet voorsien word).

Die maand wat jy koop in die dagboek gee jou alleenreg tot daardie maand op Facebook met betrekking tot plasings van ander veilings (behalwe die Nasionale Veiling en een Facebook plasing wat opsom wat in die volgende maand gaan gebeur).
Die dagboek advertensie gee nie alleenreg op WhatsApp-boodskappe oor veilings in die maand wat jy gekoop het nie.

## SOSIALE MEDIA

Ons sosiale media (Facebook & Instagram) het in die laaste jaar mooi gegroei.

- Facebook volgelinge het gegroei van 5208 (Mei 2025) tot 5837 (Mei 2026). (12.1%)
- Instagram volgelinge het gegroei van 1327 (Mei 2025) tot 1514 (Mei 2026). (14.2%)

Daar word maandeliks 'n advertensie op Facebook met R500 ge"boost", wat beteken dat dit spesifiek gerig word op belangstellendes.

‘n Paar maande se statistieke is gebruik om die volgende te bepaal. Gemiddeld het een advertensie per maand tot gevolg gehad dat:

- 37 mense die Drakensberger Genootskap Facebook bladsy volg
- 374 mense die Facebook bladsy besoek het
- Die advertensie deur 16 883 unieke kykers gekyk is
- Die advertensie 33 168 vertoon is



# Voerkraalkontaknommers

Hier is 'n lys van raadslede, suksesvolle telers en verkopers van Drakensberger speenkalwers en voerkraalaankopers. Kontak enige van hierdie persone vir raad of 'n tweede mening of prys.

| NAASTE DORP / STREEK | DRAKENSBERGER BOER / RAADSLID | VOERKRAAL AANKOPER / AGENT |
|---|---|---|
| **VRYSTAAT** | | |
| Brandfort | Fanie van Dyk (Raadslid)<br>082 774 4952 | Johan Botha -<br>082 856 4409 - Karan |
| Vrede | Rodney Neuman | Arend Munnick -<br>071 540 9913 - Verskeie voerkrale |
| Ficksburg | Henk Delport (Raadslid)<br>083 300 1131 | Thys Fourie -<br>083 225 4146 -Beefmaster |
| Welkom | Christo Nel | Jan du Toit - 082 555 4221 - Bemarker |
| Kroonstad | Gawie Roux | Michael Bezuidenhout - 073 370 7291 |
| Harrismith | Jakob Tsabalala<br>083 974 9706 | |
| Koppies | | Pierre Boutser -<br>082 499 7997 |
| Bethlehem | | Dano van Zyl -<br>083 385 8285 - Vleissentraal bemarker |
| **MPUMALANGA** | | |
| Volksrust | Pikkie Uys (Raadslid)<br>082 857 5022 | Arnold Durr –<br>082 902 3916 - Karan |
| Ermelo/Middel-burg | Petrus Taljaard (Raadslid)<br>082 493 4137 | Hein - 076 862 0797 - Aankoper Karan<br>David Harris 082 573 7979 – Aankoper Rockdale Industrial (Pty) Ltd |


| NAASTE DORP / STREEK | DRAKENSBERGER BOER / RAADSLID | VOERKRAAL AANKOPER / AGENT |
|---|---|---|
| **MPUMALANGA (vervolg)** | | |
| Amersfoort | | Sakkie Fourie -<br>082 802 2125 - Verskeie voerkrale |
| Standerton | | Pieter Swanepoel – 083 440 1423 - Chalmar en ander<br>Carel Davel - 082 331 1811 - BKB<br>PM Swart - 083 948 3345 - OVK<br>Gert du Preez - 082 449 5263 |
| **KWAZULU-NATAL** | | |
| Luneburg | Udo Beneke (Raadslid)<br>082 797 8088 | |
| **NAMIBIË** | | |
| Aroab | Gerrit Maritz | |
| Gobabis | | Piet de Wit,<br>+264 81 128 9716 - Beefmaster bemarker |
| **NOORD-KAAP** | | |
| Klerksdorp/Tosca | Johann Fourie (Raadslid)<br>082 772 7716 | |
| Kuruman | Bossie Rens | |
| Kuruman | Werner Vermeulen | Freddie Markam – 082 920 8893 - Karan Beef, Kuruman |
| Danielskuil | Franco Joubert | |
| Deben | Werner Vermeulen | |
| Zeerust | | Coenraad Boshoff -<br>078 950 5876 |



# Voerkraalkontaknommers
(vervolg)

| NAASTE DORP / STREEK | DRAKENSBERGER BOER / RAADSLID | VOERKRAAL AANKOPER / AGENT |
|---|---|---|
| | **NOORDWES** | |
| Potchefstroom | Willie Landman (Raadslid)<br>083 257 8511 | |
| Louwna | Stuart Collen | |
| | **GAUTENG** | |
| Potchefstroom | Jean vd Merwe (Raadslid)<br>082 719 7521 | |
| Derby | Charlie van Schalkwyk | Barco van Niekerk -<br>072 384 9057 – Aankoper & afslaer<br>Theo Coetzee -<br>082 600 8374 |
| | **KAROO / SUID-VRYSTAAT EN OOS-KAAP** | |
| Zastron | Liesel Foster (Raadslid)<br>082 373 2427 | |
| Suid-Vrystaat & Oos-Kaap | | Pieter Klopper - 082 807 3752 - Karan Beef<br>Kobus Barnard - 084 202 5205 - Pedriam Trust<br>Blaine Dormehl - 081 889 9486 - Vleissentraal |

Indien jy terugvoer het oor goeie prys, raad of goeie aankopers, kontak ons gerus om die name hier by te voeg, ten einde ons medeboere toe te rus met die regte raad en kontakte.






# BAIE DANKIE AAN AL ONS BORGE!

**PLATINUM**

Voermol

**GOUD**

Swift VEE

**SILWER**

ZooOmics™

Molatek

Gallagher™

**BRONS**

Lionel's Veterinary Supplies

zoetis

Vleissentraal

unistel Medical Laboratories

Virbac

Hoof Trimming DairySmid



**BLACK FOX BF**
KLERKSDORP
Dr Johann Fourie 082 772 7716
johannfourie1964@gmail.com

**BLACK HILLS BH**
POTCHEFSTROOM
Willie Landman 083 257 8511
willie@blackhills.co.za
Jean van der Merwe
082 719 7521
jean@blackhills.co.za

**BLYDE DBB**
SOUTHDOWNS ESTATE
Ingrid de Bruyn 082 415 2477
elivdm@mweb.co.za

**BOLLIE SS**
PAULPIETERSBURG
Johann Schütte 083 676 0500
waldheim@skyafrica.co.za
Ruben Schütte 084 511 6879
rubenjschutte@gmail.com

**BONHEIM BO**
VLAKDRIF
Nelmarie van Staden
082 466 4868
bonheim.drakensberger@gmail.com

**BRAKENJAN FD**
BRANDFORT
Fanie van Dyk 082 774 4952
js.vandyk@mweb.co.za

**BUFFALO VALLEY BV**
CAROLINA
Lee Roos 082 809 7941
buffalovalley@skyafrica.co.za
johnjroos@gmail.com

**CALELA JJ**
ERMELO
Jannie Jacobsz 082 820 4706
calelaj@vodamail.co.za

**CETONA C**
KLERKSDORP
PJ Pienaar 079 877 5228
pjpienaar000@gmail.com

**DELRAM D**
FICKSBURG
Henk Delport
079 612 5995 (Kantoor)
delram.h@outlook.com
delram.s@outlook.com

**DRAKENKRAAL DK**
PARYS
Wesley Abourizk 0824950574
wesley@ssendra.co.za
jptheunissen@ssendra.co.za

**DRIE D XWX**
BARKLY-OOS
Skillie du Randt 082 771 0716
sdurandt@vodamail.co.za

**D'HOFSTEE AAD**
HEIDELBERG
Jan & Elna Dhooge 082 892 5762
jandhooge67@gmail.com

**FERAX RG**
BROOKLYN PLEIN
Gerrit Grobler 082 784 1501
gerritgrob@law.co.za

**FRELON F**
VREDE
Leonard Neuman 072 535 0197
rodney@neumandrakensbergers.co.za

**GRASMUNT CL**
BRANDFORT
Carel Nel 082 828 1984
carelnel02@gmail.com

**GROENVLEI DRAKENSBERGER STOET G**
PRETORIA
Werner Krynauw 071 607 1086
werner.j.krynauw@gmail.com

**GRYSHOEK PU**
VOLKSRUST
Pikkie Uys 082 857 5022
identity.redken@gmail.com
laansuys@gmail.com

**GUNNER DRAKENSBERGERS**
LEANDRA
Xander Gunter 071 510 8076
iti06689@mweb.co.za

**HAASKRAAL VN**
RICHMOND
Van Zyl Naudé 082 664 3466
haaskraal@vodamail.co.za

**HANSEL HAS**
PAULPIETERSBURG
Dr Hans Schütte 082 419 0226
hanselna@lantic.net

**HENDRIK HANCKE HP**
BETHAL
Hendrik Hancke 073 135 8753
hphancke1@gmail.com

**HORMAN DRAKENSBERGERS CH**
BETHAL
Carl Hancke 083 384 6771
hancke.ch1@gmail.com

**HUGHDALE SL**
NOUPOORT
SP van der Walt 063 775 5662
sp@lcom.co.za

**HYMGERT HN**
VREDE
Rodney Neuman 082 746 8142
rodney@neumandrakensbergers.co.za

**INFRACOR IR**
PRETORIA
Derick Orsmond 083 273 6432
derick@infracor.co.za



## Stoettelers (vervolg)

**JESUMAR LL**
DEWETSDORP
Freddie Wasserfall 082 556 4452
wasserfallfreddie@gmail.com
Neels Wilken 083 638 2152
elmien.wilken@gmail.com

**M & M BOERDERY MM**
BETHAL
MJ van Vreden 082 838 1858
mj@mmboerdery.co.za

**MAMBANE BJ**
VREDE
Louis Botha 082 825 2431
bothaboerdery04@gmail.com

**MOBAZA BZ**
CENTURION
Monja Esterhuizen 084 580 5808
info@mobaza.co.za
monjaest@gmail.com

**NADAU JR**
HANOVER
Johannes Retief 082 385 1821
johannesretief1@gmail.com

**NEBA NB**
VERKYKERSKOP
Bertus Nel 061 114 6492
bruwershoek@gmail.com

**NEUSBERG DRAKENSBERGERS NBD**
MIDDELBURG
Clift Frewen 079 015 1010
neusberg@neusbergkaroo.co.za

**NITIQUE NY**
HANOVER
Grant Naude 076 700 3855
kriegerspoort@nitique.co.za
tamarynnaude@gmail.com

**PALMIETFONTEIN JP**
BETHAL
JP Louw 060 966 8108
jplouw07@gmail.com

**PATRYSVLUG PV**
EXCELSIOR
Jan-Louis Wessels 083 251 6294
patrysvlugtkantoor@gmail.com

**QUAGGAFONTEIN QH**
ZASTRON
Dr Liesel Foster 082 373 2427
t/a FOSTERS FIELD PTY (LTYD)
fosterliesel@gmail.com

**RAKA JDE**
CRADOCK
Frans & Jan Erasmus
083 488 5511 jde009@gmail.com
fnerasmus@gmail.com

**RIETKOL R**
KRUGERSDORP
Piet J De Villiers 073 143 3985
pietvilliers@gmail.com

**ROUVUS GR**
VENTERSBURG
Gawie & Frik Roux 083 264 5487
gawiedrakensberger@gmail.com
FR0834551264@outlook.com

**SABRIELIE JE**
BLOEMFONTEIN
Elsabé Deacon 076 812 6113
elsabedeacon@gmail.com
Lambert Jacobs 073 620 2930
lambertvharts@gmail.com

**SALOME NW**
VOLKSRUST
Willie Watermeyer
073 640 6151
Carl Watermeyer 083 458 1204
willie.watermeyer@gmail.com

**SAMBESI SK**
KLERKSDORP
Dr Sampie Smith 082 940 9283
sampie.smith@yahoo.com

**SMOKEY MOUNTAIN QJO**
MACHADODORP
Dr Quinton van Oudtshoorn
082 888 5688
quintonvo37@gmail.com

**SSENDRA TD**
KOPPIES
JP Theunissen 079 417 2639
jptheunissen@ssendra.co.za
wesley@ssendra.co.za

**TALMAN T**
ERMELO
Petrus Taljaard 082 493 4137
talmanpt@gmail.com
emmerencia.taljaard2@gmail.com

**TURFKUIL MF**
BULTFONTEIN
Frannie du Toit 072 355 7601
turfkuildutoit@gmail.com

**VAN DYK DRAKENSBERGERS VD**
MIDDELBURG
Andre van Dyk 072 562 7567
avdboerdery10@gmail.com

**VERLAND VL**
AROAB, NAMIBIË
Gerhard Maritz 081 300 6368
sgmaritz@africaonline.com.na
sgmaritz@iway.na

**WALDBERG U**
LUNEBURG
Udo Beneke 082 797 8088
waldbergdrakensbergers@gmail.com

## BLY OP HOOGTE

Bly op hoogte van al die Drakensbergernuus – word deel van ons kommunikasiekanaal: Stuur 'n **WhatsApp** na: https://wa.me/message/MFAU-MIBMHBIBB1
OF **Telegram**: https://t.me/DrakensbergerSA





Voermol SB 100
Die ekonomiese, maklik voerbare en kwaliteit vetmestingskonsentraat vir beeste
Meng eenvoudig met mielies of ander energiebronne en ruvoer
Strong Advertising
VOERMOL
SB 100
50 kg
60 JAAR
Meer as 60 Jaar van Uitstaande Produkte & Diens
Vir meer inligting skakel 032 439 5599 of stuur 'n e-pos aan info@voermol.co.za.
Voermol Feeds SA | www.voermol.co.za
Voermol SB 100, Regnr. V4498, (Wet 36/1947).
Registrasiehouer: Voermol Voere (Edms) Bpk., Posbus 13, Maidstone, 4380.
Voermol
Wat die natuur kort - sal Voermol voorsien